



PRESIDENTSVERSLAG 2016

Frikkie Combrink

INLEIDING

Dit was weereens vir my 'n voorreg om nog 'jaar as president van die Genootskap te kon optree. Ek wil dit egter van die begin af duidelik maak dat ek dit nie sonder die hulp van die Raad soos deur die lede van die Genootskap aangestel, sou kon doen nie. Nie een van die Raadslede doen die take aan hulle opgedra teen betaling nie – die teenoorgestelde is eerder waar. Raadslede maak nie net groot finansiële opofferings nie, maar staan ook 'n groot deel van hulle tyd af om die taak te verrig. In ruil hiervoor, kry hulle dikwels te doen met ondankbaarheid, valse beskuldigings en onmoontlike eise. Ek wil egter graag aan elke lid wat 'n positiewe bydrae gemaak het om saam die groei van ons ras en die bestuur daarvan te bewerkstellig, bedank.

RAAD- & KLUB VERSLAE

Die volledige verslae van alle Raadslede, sowel as die klubs was reeds Vrydag, 26 Augustus 2016 beskikbaar op die webblad, sowel as die communicator. Ek beskou die verslae van Raadslede as aanvullend tot hierdie verslag. Tydens die AJV 2016 is besluit dat nie finansiële state of Notules aan lede ge-e-pos sal word **nie** en ook nie op die webblad sou verskyn nie. Die Finansiële verslag word later in die vergadering wel deur Mnr. Joubert bespreek. Klubverslae is ook hierby aangeheg met 'n opsomming van aktiwiteite wat daar plaasgevind het. Baie dankie vir alle klublede wat hulle volle gewig saam met die bestuur ingooi om van die byeenkomste 'n groot sukses te maak. In klubs waar daar wel konflik bestaan, doen ek graag 'n beroep op lede om hulle persoonlike geskille en ego's eenkant toe te skuif en konsensus te bereik t.o.v. die take van die klublede, klubaktiwiteite en veral ons ras.

FINANSIES

Na aanleiding van veilings en verkope, is dit duidelik dat die land steeds in 'n finansiële krisis gedompel is. Daar is steeds 'n mark vir goed geleerde enkel perde, maar veilings is nie die antwoord nie. Telers gaan meer selektief om met dekkings en registrasies en dit alles lei daartoe dat die genootskap se inkomste krimp. Van tyd tot tyd is daar werklik onnodige regskostes wat opduik in die vorm van prokureursbriewe van lede wat deur prokureurs beantwoord moet word en onnodige regskostes vir die Genootskap meebring. Ten spyte hiervan het Mnr. Joubert ons finansies verantwoordelik en konserwatief bestuur sonder om afstand te doen van kwaliteit dienslewering en groei. Ons sien uit na sy volledige verslag.

CEM

Reeds vanaf Desember 2015 was die genootskappe van perdetelers by SA Stamboek in onderhandelings met die Departement Diergesondheid oor die uitkoms van navrae en t.o.v. CEM. Dit is nog steeds 'n lang en uitgerekte proses wat daarop neerkom dat CEM steeds verpligtend sal bly en dat die kans dat die verpligte toetsing daarvoor heeltemal opgehef gaan word, baie skraal is. Volgens die nuutste skrywe (op die COMMUNICATOR), sal daar in die toekoms hingste uit elke ras op 'n ad hoc basis van 'n hingste-lys getrek word vir toetsing. Die aantal sal persentasiegewys per ras bepaal word. KI is 'n hoë risiko situasie vir CEM en daarom is CEM sertifikate daarvoor is toetsing verpligtend. Die relevante dokumentasie in die verband is op die COMMUNICATOR geplaas vir u inligting.

SKOUE & KAMPIOENSKAPPE / MERIETES & EREKLEURE

Om in die stoel van die organisering en koördinerende van skoue & kampioenskappe te sit, is nie 'n maklike taak nie. Dit is wel 'n voltydse onbetaalde pos. Hierdie jaar, kon alle inskrywing elektronies deur lede self gedoen word deur die *Quadrat Plan* sisteem, soos ook tans deur die meeste perdry dissiplines nasionaal gebruik word. Alhoewel dit dieselfde sisteem is wat SANESA gebruik, het ons spesifieke toepassing van die program lede dikwels verwar. Op die SANESA sisteem skep eienaars self hulle profiele en laai hulle perde daaronder. In ons toepassing was alle perde wat deur SA Stamboek geverifieer is, is reeds onder bestaande eienaars/telers se profiele en deur die administrateur gelaai en beskikbaar. Wanneer lede dan hulle eie perde en profiele begin laai het, het daar konflik in die rekenarsisteem ontstaan wat een vir een uitgesorteer moes word, wat dan wel gedoen is. Vir lede wat nie vaardig was met die inskrywings nie, is geleentheid gegee om inskrywings soos in die verlede te doen. Dit is dan soos dit ontvang is, op die sisteem gelaai. **Let wel:** laat inskrywings is NIE aanvaar nie. Dit het wel gebeur dat die inskrywings wat betyds ontvang is, wel eers na die sluitingsdatum op die sisteem gelaai is.

SA Stamboek is tans besig om 'n program te ontwikkel wat op dieselfde basis as *Quadrat Plan* werk, maar direk aan *Logix* gekoppel is. Indien die program effektief werk en betyds gereed is om meer koste-effektief te implementeer, sal ons vir seker in die toekoms daarvan gebruik maak.

Baie geluk aan Me. Pope en haar span met die reël van die Nasionale Kampioenskappe. Alhoewel die skou finansiële onafhanklik kon staan, is dit interessant om te sien presies waar die inkomste gegenereer word, asook hoe die uitgawes versprei is. Na afloop van die skou, is syfers ge-analiseer om te bepaal presies waarop geld gespaar kan word. Die Raad het dan ook verskeie opsies op die tafel om die skou korter en meer koste-effektief vir lede te beplan wat as besprekingspunte op die agenda geplaas is.

Na aanleiding van 'n versoek deur die AJV 2015, is daar onmiddellik navraag gedoen oor die skuif van die Nasionale skou se datum na die langnaweek rondom 21 September 2017. Ongelukkig was die Afri-Dome reeds vol bespreek en die enigste datum wat vasgestel kon word, is 17-22 Julie 2017.

Baie dankie aan ons lede wat klasse en klasreëse geborg het, sowel as aan **BurGerS Equipment & Sales** vir hulle finansiële ondersteuning. 'n Besondere woord van dank aan Mariaan Theron en die Jurust stoet wat die onsteuning van BurGerS as borg bewerkstellig het. Onder leiding van Mnr. Joubert, is die knoop vir die borg deurgehaak. Ons sal in die toekoms gereeld advertensies van hulle op ons communicator, sowel as 'n link op ons webblad, sien. Besoek hulle webblad gerus en ondersteun hulle waar moontlik. Ons glo dat hierdie verbintenis oor meer as net een jaar sal strek.

KEURINGS

Alle keurings het vanjaar glad verloop onder die bekwame leiding van Jannie Jacobsz. Al word dit opgesom op 'n enkel bladsy, is dit in werklikheid 'n proses van 6 maande wat daarin opgesluit lê. Tydens elke keurdersvergadering aan die begin van elke jaar, ondergaan keurders 'n opknappingskursus om verseker dat keuringsresultate so konsekwent as moontlik sal wees. Baie dankie aan al ons keurders se positiewe verbintenis tot die lewering van kwaliteit diens aan telers. Die hings-keuring wat tydens die Nasionale Kampioenskappe sou plaasvind, is gekanselleer a.g.v. 'n gebrek aan belangstelling. Baie dankie aan Jannie Jacobsz en die keurderskomitee vir hulle deeglike beplanning en uitvoering van hierdie taak.

NUWE LEDE & VEILINGS

Die aantal aktiewe telers kom tans op 'n totaal van 166 te staan, plus 33 skou-lede. Die getal sluit lede waarvan dienste tans opgeskort is a.g.v. finansiële redes, uit. Daar het wel nuwe lede gedurende die jaar aangesluit, maar die oorwegende hoeveelheid nuwe aansluitings is skou-lede. Baie dankie aan Charles Campher wat gereeld met ons nuwe lede geskakel het, asook veilings oorhoofs hanteer het.

REGULERENDE STELSLS EN ADMINISTRASIE

Na afloop van die AJV 2015, is skou-reëls hersien en vars op die webblad geplaas. Veranderings soos by die AJV 2015 goedgekeur, is aangebring deurgegee. Die Raad is egter tans besig met groot 'n projek om die formaat daarvan op te dateer sodat dit makliker elektronies nageslaan kan word, sowel as in harde kopieë gebruik kan word. Die nuwe dokumente sal in Januarie 2017 beskikbaar gestel word. Dit is werklik 'n groot projek wat onder leiding van Johannes Langenhoven en met die hulp van Petro Grové en Heleen Pope van stapel gestuur word.

OPELIDING & KURSUSSE

Daar is 'n volledige verslag en katalogus van die aantal gekwalifiseerde- & kandidaat keurders en beoordelaars in werking en op datum. Dikwels word daar van hierdie persone verwag om ampte op skoue te beklee as deel van die voltooiing van hulle opleiding. Dit blyk egter 'n probleem te wees, aangesien min kandidate hulleself beskikbaar stel.

REKLAME & BEMARKING

Aan die einde van 2016 is Petro Grové tot die Raad verkies en aangestel in die portefeulje vir reklame en bemarking. Soos aanbeveel op die AJV 2015, het sy wel 'n komitee saamgestel wat haar van tyd tot tyd behulpsaam was met haar werk. 'n Deursigtige foto-beleid, waarvolgens foto's vir publikasie op 'n deursigtige manier geselekteer word, het die lig gesien. Onder haar leiding het 11 gekrewe artikels, advertensies en ander plasings die lig gesien. Facebook is ook gereeld ingespan om reklame te maak vir skoue en kampioenskappe, sowel as die SA Boerperd as ras. Vir die Nasionale Kampioenskappe is daar op 4 radio stasies, webblaie en TV geadverteer, sowel as onderhoude toegestaan.

Ons sal later vanjaar of moontlik die begin van 2017 die program op TV sien wat tydens die SA Nasionale Kampioenskappe vir Feesvoete verfilm is. Die program, sowel as ander insetsels van die skou, sal ook op ons nuwe YouTube Kanaal SA BOERPERD MEDIA beskikbaar wees.

Soos u seker opgemerk het, is daar voortdurend opdaterings en veranderings aan die webblad. Ons missie is om dit internasionaal toeganklik te maak en daarom alles wat as vertoonvenster vir ons ras kan dien, in Engels beskikbaar te stel. Vir ons lede is alles ook in Afrikaans beskikbaar. Joernale vanaf 2001 is gratis aan lede beskikbaar gemaak.

COMMUNICATOR

Vanaf 1 Maart 2016, is die SA BOEPRERD COMMUNICATOR as interne kommunikasiemiddel ingespan. Dit word deur Me. Grové behartig en ± 70% van ons lede gebruik dit reeds. Die Communicator bring groot besparing teweeg t.o.v. die uitstuur van baie goedkoper e-posse en sms'e, asook inligting wat maklik op selfone en rekenars voortdurend deurgegee word. Die kostes van die Communicator is tot en met November 2016 gedra deur adverteerders, asook vooruit betaal vir 2017 deur inkomste verkry vanuit die veiling tydens SA Nasionale Kampioenskappe 2016.

JEUG / SANESA

Die besluit soos tydens die AJV 2015 geneem rakende die toekenning van SA Boerperd trofeë aan SANESA ruiters met die hoogste punte in elke provinsie, word hierdie jaar geïmplementeer. Tydens die AJV 2015, was die liga reeds verby. Baie dankie aan Jan Joubert vir hierdie inisiatief.

Die Jeug-Aksie het tydens die Nasionale SANESA Kampioenskappe 2015 'n stalletjie beman waartydens hulle reklame vir die SA Boerperd gedoen het. Soos tydens die AJV bespreek, is daar 'n opname gemaak van die behoefte aan perde wat geborg kan word vir ruiters om mee te skou. Daar was wel belangstelling, maar die ruiters wat die perde wil ry stel baie spesifieke vereistes. Na afloop van die ondersoek is 'n opname gemaak van die aspekte waaraan beide partye vir so 'n ooreenkoms om suksesvol te wees, sal moet voldoen. Daar is besluit dat dit wel kan gebeur, maar dat dit 'n ooreenkoms tussen perd en eenaar sal bly en nie deur die Raad gekoördineer sal word nie. Navrae sal egter aan lede deurgegee word.

AFSKEID

Dit is met groot hartseer dat die Raad afskeid neem van Oom Jan van der Wath en Heleen Pope wat die genootskap vir soveel jare gedien het. Dit is egter nie vaarwel nie. Ons sal Oom Jan steeds op 'n gereelde basis raadpleeg om sy kennis met ons te deel, asook aan veteraan skouklasse deel te neem. Heleen sal ook nog beskikbaar wees om te help met skou-inskrywings en ander take. Baie dankie aan hierdie twee besondere staatmakers vir hulle jare lange onbaatsugtige diens. Charles Campher het ook om persoonlike redes van sy portefeulje op die Raad bedank. Gerhard Janse van Rensburg is deur die Raad gekoördineer om die oorblywende jaar van sy dienstermyn te voltooi.

SEKRETARESSE

Elize vier hierdie jaar haar 5de jaar by die SA Boerperde. Baie dankie vir die positiewe manier waarop jy ons vanuit die kantoor ondersteun. Ons waardeer jou harde werk en behulpsaamheid. Dit was met groot verligting wat ons verneem het dat jou bedanking slegs 'n administratiewe fout by SA Stamboek was. Ons verwelkom jou daarom graag weer terug!

Mag die SA Boerperd in die volgende jaar van krag tot krag gaan.

Frikkie Combrink

PRESIDENT

SA BOERPERD TELERSGENOOTSKAP

2015/16